**3 Julie**

**Skrifgedeelte: Psalm 30**
**Fokusgedeelte: Psalm 30:10-13**

## Lotsverandering lei na lof

Is dit vanselfsprekend om die Here te loof wanneer jou omstandighede van sleg na goed verander? Nie noodwendig nie. Mens moet eers leer en besef dat voorspoed nie vanselfsprekend is nie! Dawid erken dit:*"Toe dit goed gegaan het, het ek wel gesê: "Niks sal my ooit laat wankel nie"* (vs 6). Dán eers kan mens getuig van God se lotsveranderende dade.
Dié Psalm was oorspronklik 'n dankpsalm van Dawid vir persoonlike genesing ná vele gebede (lees vs 3, 4, 8-12). Later het dit waarskynlik 'n nasionale lied geword, wat met die inwyding van die tweede tempel in 515 vC gesing is (vgl. vs 1) Sedertdien is Psalm 30 tydens die Joodse fees Hanukkah gesing, om die inwyding van die eerste tempel (van Salomo) in 165 vC te gedenk.
Primêr bly dit egter 'n dankpsalm vir *persoonlike genesing*. Met vandag se diepgaande diagnoses, moderne middels, slim snydokters met presiese prosedures, sien gelowiges God se hand in elke genesing. U wat al in teaters en intensiewe sorgeenhede was, wéét. Ons het sélf die wonderlike lotsverandering ervaar: gisteraand nog in trane, vanoggend laggend (vs 6), van benoude hulpgeroep na dans van vreugde, van rouklere na feesklere (vs 8-12)! Ons was sélf skaam oor ons oormoed in beter tye, asof goeie gesondheid vanselfsprekend is …
Ons is die mense wat moet en wil en kan sing tot eer van die Here. Ons is die mense wat nie durf stilbly nie. Ons lotsverandering móét lei tot lof aan God. Hy is die Geneser van die menslike liggaam en gees – en ons is getuies daarvan!

*Sing: Psalm 40:2, 8 (1936)* *Ds. J Botha (Emeritus, Laeveld)*